Ons Leipie Ratte Rol Reg

Laerskool Louis Leipoldt

21 Mei 2021

Tel no: 012-664 5798/9
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

UIT DIE KANTOOR:

AFWESIGHEDE:
Let asb daarop dat indien leerders in isolasie is vir Covid, die leerder wel afwesig gemerk moet word volgens die riglyne vanaf die Departement van Onderwys.
Neem ook asb kennis dat leerders, volgens wet, in isolasie moet wees indien hulle in aanraking was met iemand wat Covid het.
Leerders mag ook nie skool bywoon indien hulle enige van die simptome het soos vereis op die Covid toelatingsvormpie nie.

Indien 'n leerder afwesig is, moet ouers asb 'n epos stuur na admin@louisleipoldt.co.za met die **leerder/s se naam, van, graad en klas asook rede vir afwesigheid.**

D6 inligting: Ouers moet asb gereeld die inligting op die D6 kommunikeerder lees. Alle briewe met inligting word op D6 geplaas.

"BIBLE BUDDY" PROJEK:
Dit is vir ons 'n groot voorreg om deur middel van die Bybelgenootskap se viering van hul 200-jarige bestaan (1820-2020) by hulle Bybel-*buddy* ("Bible Buddy") projek betrokke te kan wees. Die skool wat ons gekies het om Laerskool Louis Leipoldt se buddy-skool te wees, is Narsingstraat Primêre Skool in Graaff-Reinet. Sien asb inligting aangeheg. Volledige inligtingsbrief word Maandag 24 Mei 2021 uitgedeel.

VOORTREKKERS:
Baie dankie aan almal wat doppies en broodknippies herwin. Gaan asb so voort. Onthou egter, geen ysterdoppies / pompaksie doppies, of enige ander materiaal saam in die sak nie asb. Ons verloor van die wins indien die skandeerder yster in ons houers kry. Hou asb broodknippies apart, ons kry daarvoor meer geld as dit apart geweeg word. Met hierdie projek se fondse gaan daar rolstoele geskenk word aan behoeftige persone. Van die rolstoele sal by ons skool oorhandig word.

BUITEMUURSE-AKTIWITEITE:
Alle Bulletjierugby, rugby, mini-netbal en netbal oefening en wedstryde is tot verdere kennisgewing gekanselleer soos per skrywe wat ons van die Departement van Onderwys ontvang het.
Kooroefening is gekanselleer tot verdere kennisgewing.
Sodra ons meer inligting ontvang ivm ander aktiwiteite/sport sal ons ouers in kennis stel.

SKAAK:
Skaak afrigting is Maandae vanaf 15:00 – 15:40.
Sosiale skaak is Woensdae vanaf 13:45 – 14:30.

POLSSLAG VOORTREKKERS:
Die Gr 7 Voortrekkers gaan vir die volgende 4 Maandae by die Gr R – 3 leerders kuier vir hulle meer vertel van die lekker aktiwiteite by die Voortrekkers. Kontak gerus vir Joan Smith indien leerders wil aansluit by die lekker kultuuraktiwiteit. Joan Smith smithjoan10@gmail.com Voortrekkers is een van die kultuuraktiwiteite van die skool.

WINTERDRAG:
Leerders dra nou amptelik wintersdrag. Leipie Klerewinkel het gebruikte klere. Kontak asb die skool vir navrae. Marethas en Eduwear verkoop Louis Leipoldt skoolklere.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

Prestasies

Indien daar enige oud Leipies is wat op enige wyse presteer, wil ons graag daarvan weet. Kontak ons by **bemarking@louisleipoldt.co.za**

TOP 10 LEERDERS:
Gr 5: Arné Cloete, Christian Benadé, Tiaan Sauermann Perez, Dirk Rabie, Teryn Farla, Lubin Serfontein, Annabell Shedden, Francois Janse van Rensburg, Lara Van der Poll, Nicolette Robbertse.
Gr 6: Mia Schabort, Rynhardt Venter, Magrietjie Rabie, Lize Mocke, Ivancka Penwarden, Nika Naudè, Hannah Plews, Mieke Joubert, Ewan Kielblock, Giandrè Claassen.
Gr 7: Adriaan Venter, Liandrie Roux, Leon-Charles Louw, Dieneke Beukes, Zanele Masuku, Hanno Vosloo, Carmen Schoeman, Jani Coetzer, Ashley Nel, Dawid Van den Heever.

RUGBY/NETBAL:
Netbal vs Bakenkop = wen 14, gelykop 1
Netbal vs Cornwall Hill = wen 14
Rugby vs Cornwall Hill A spanne = wen 4, gelykop 1
Rugby vs Cornwall Hill B spanne = wen 3

RUGBY: Die volgende rugby spelers word genooi vir Jakaranda Streek Proewe (Bulle Proewe):
o/12: Luhardt Blom, Ruvan Burger, Keegan Fourie,
o/13: Robbie Herholdt, Ruben Pretorius, Ethan White, Malan le Roux. Die volgende spelers het dit gemaak na finale rondte 3, maar ongelukkig nie Bulle spanne gehaal nie.
o/12: Ruvan Burger, Keegan Fourie.
o/13: Robbie Heroldt, Malan le Roux

VERJAARSDAE 17-23 Mei – PERSONEEL:
Me Celiaan Wilkens, Emily Ngobeni

VERJAARSDAE tot 17-23 Mei – LEERDERS:
Smit Milike, Van Der Ryst Chriztiaan, Van Loggerenberg Anè, Grové Suzé, Wehmeyer Chantè, White Damon, Du Toit Coenraad, Engelbrecht Declan, Haarhoff Janelle, Snyman Alex, Swan Daniël, Veldtman Kylie, Wehmeyer Alwynn, Du Plessis Luan, Kriel Elmar, Nel William, Van Tonder DF, De Leca Catherine, Du Plessis Emma, Jansen Van Vuuren Leilani, Kearney Caylize, Makwetja Aliana, Van Rooyen Leannè, Van Tonder René, Arnold Chanté, Beukes Aniké, Du Pisani Eliah, Wepener Keagan.

BELANGRIKE DATUMS:

26 Mei: Skaak o/9, o/13 vs Monumentpark (tuis)
AMESA rondte 2 (tuis)

Bybel buddy-projek

24 Mei 2021

Geagte Ouers

Dit is vir ons ‘n groot voorreg om deur middel van die Bybelgenootskap se viering van hul 200-jarige bestaan (1820-2020) by hulle Bybel-*buddy* (“Bible Buddy”) projek betrokke te kan wees. Die skool wat ons gekies het om Laerskool Louis Leipoldt se buddy-skool te wees, is Narsingstraat Primêre Skool in Graaff-Reinet.

Ons leerders ontvang vandag elkeen ‘n leë pilhouertjie wat hulle met R2 of R5 muntstukke kan volmaak. Een houertjie vol R2 munte is genoeg geld om een nuwe Bybel aan ‘n leerder van die buddyskool te kan skenk, en ‘n houertjie vol R5 muntstukke borg twee Bybels. Sodra ‘n leerder sy/haar pilhouertjie terugbring skool toe, ontvang hy/sy as blyk van waardering ‘n liniaal van die Bybelgenootskap. Die klas wat die meeste insamel (gemiddeld per leerder per klas) ontvang elkeen ‘n medalje. **Die projek eindig 4 Junie**.
Tydens die oorhandiging van die Bybels aan ons buddy-skool op 5 Julie 2021 sal die Bybelgenootskap foto’s neem, wat ons met u sal deel. Sonder elkeen se hulp en ondersteuning sal ons nie ‘n sukses van hierdie projek kan maak nie, derhalwe versoek ons ons ouers om u kind(ers) te help met die insamelingsprojek. By voorbaat dank aan elke ouer, ouma, oupa, vriend of familielid wat ons gaan help om van die Bybel-buddy projek ‘n sukses te maak.

Bybel-buddy groete

(Get.) **C Jansen**
Departementshoof opvoedkundige leiding

(Get.) **P Ferreira**
Hoof

LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT TARIEFKAART

H/v Langebrink en Pretoriuslaan, Lyttelton, Centurion | Tel: (012) 664 5798/9 | www.louisleipoldt.co.za

Laerskool Louis Leipoldt het 'n ryk en trotse geskiedenis. Op akademiese gebied is ons 'n voorloper. Ons roem onsself as 'n baie goed gebalanseerde skool waar sport en kultuur 'n regmatige plek in ons leerlinge se opvoeding en onderrig het. Met ons ondersteunende gemeenskap en ouerkorps is dit maklik om hande te vat tot voordeel van ons leerders. 'n Dinamiese beheerliggaam sterk ons personeel se hande in die proses van kwaliteit onderrig. Akademiese, sport- en kultuurprestasies is volop en is 'n toonvenster van ons bekwame en entoesiastiese personeel, leerders wat positief deelneem en ouers wat die skool en leerlinge ondersteun. Laerskool Louis Leipoldt handhaaf hoë lewenswaardes en almal word met respek hanteer.

Indien u graag 'n adverteerder by Laerskool Louis Leipoldt wil wees, kan u gerus na ons standaard advertensiegeleenthede en ons advertensiepakket kyk.

STANDAARD TARIEWE

Advertensiegeleentheid	Koste	Termyn
Webtuiste Plasing van u maatskappy se advertensie op die skool se webtuiste met 'n skakel na u besigheid se webblad. (1120 x 237 px)	R1000	1 Volle jaar
Pamflette Die geleentheid om pamflette aan leerders en personeel by die skool uit te deel. (nie in 2020)	R1000 R1	Eenmalig Een per gesin **OF** per pamflet per groep
Plakkate Die geleentheid om 'n plakkaat op ons kennisgewingbord te plaas.	R100	Twee weke
Facebook Advertensie word op ons Facebook platform geplaas. (940 x 788 px)	R200 x 1	Eenmalig
Leerderdagboek Advertensie word in ons leerders se dagboek, wat deurlopend die jaar gebruik word, geplaas. Binneblad van u keuse (swart en wit)/ agterblad (volkeur).	R1000 (binneblad) R3000 (agterblad)	Eenmalig

Indien u 'n silwer adverteerder is, sal die onderstaande tabel aandui wat u bemarkingsgeleenthede sal wees.

SILWER PAKKET R 4000

Advertensiegeleentheid	Waarde	Termyn
Webtuiste Plasing van u maatskappy se advertensie op die skool se webtuiste op twee bladsye met 'n skakel na u besigheid se webblad. (1120 x 237 px)	R1 500	1 Volle jaar
Plakkate Die geleentheid om 'n plakkaat op ons kennisgewingbord te plaas.	R100	Twee weke
Facebook Advertensie word op ons Facebook platform geplaas.	R200 x 2	2 x plasings 'n jaar
Skoolblad Plasing van u maatskappy se advertensie verskyn 1 maal 'n jaar (Junie of November) in ons skool se skoolblad. (Visitekaartjie grootte)	R3000	1 x plasing 'n jaar

Annemaré van Rensburg | Bemarker
012 6645798
bemarking@louisleipoldt.co.za

BANKBESONDERHEDE:
ABSA Lyttelton – Tjekrek
Rek no: 600510118
Takkode: 632005